

Pages 764 - 873

VOLUME IX.

S. Store 326:323.2(68232) Com

KOMMISSIE VAN ONDERSOEK OM ONDERSOEK IN TE STEL  
NA DIE GEBURE IN DIE DISTRIKTE VAN VEREENIGING  
(TE WETE DIE SHARPEVILLE LOKASIE EN EVATON) en  
VANDERBIJLPARK, TRANSVAAL PROVINSIE, op 21 MAART  
1960.

WOENSDAG, 27 APRIL 1960 om  
9.45 v.m.

VERTEENWOORDIGING: SOOS VOORHEEN.  
TOLK: PETRUS JOHANNES FOUCHÉ.

INHOUD:

SIDWELL KELE

Hoofgetuieis	Bladsye 764 - 770
Deur die Voorsitter	" 771 - 772
Kruisverhoor	" 772
Herverhoor	" 772

S.J. v.d. LINDE:

Hoofgetuieis	" 773 - 781
Kruisverhoor	" 781 - 796
Herverhoor	" 796
Deur die Voorsitter	" 796 - 797

A.G. BRUMMER:

Hoofgetuieis	" 798 - 814
Kruisverhoor	" 815 - 842
Herverhoor	" 842 - 844

A.F. FREEMANTLE:

Hoofgetuieis	" 844 - 855
Kruisverhoor	" 855 - 869
Herverhoor	" 869 - 870
Verdere Kruisverhoor	" 871 - 873

Pages 764 - 873

VOLUME IX.

S. Store 326:323.2(68232) Com

KOMMISSIE VAN ONDERSOEK OM ONDERSOEK IN TE STEL  
NA DIE GEBURE IN DIE DISTRIKTE VAN VEREENIGING  
(TE WETE DIE SHARPEVILLE LOKASIE EN EVATON) en  
VANDERBIJLPARK, TRANSVAAL PROVINSIE, op 21 MAART  
1960.

WOENSDAG, 27 APRIL 1960 om  
9.45 v.m.

VERTEENWOORDIGING:

SOOS VOORHEEN.

TOLK:

PETRUS JOHANNES FOUCHÉ.

INHOUD:

SIDWELL KELE

Hoofgetuenis  
Deur die Voorsitter  
Kruisverhoor  
Herverhoor

Bladsye 764 - 770  
" 771 - 772  
" 772  
" 772

S.J. v.d. LINDE:

Hoofgetuenis  
Kruisverhoor  
Herverhoor  
Deur die Voorsitter

" 773 - 781  
" 781 - 796  
" 796  
" 796 - 797

A.G. BRUMMER:

Hoofgetuenis  
Kruisverhoor  
Herverhoor

" 798 - 814  
" 815 - 842  
" 842 - 844

A.F. FREEMANTLE:

Hoofgetuenis  
Kruisverhoor  
Herverhoor  
Verdere Kruisverhoor

" 844 - 855  
" 855 - 869  
" 869 - 870  
" 871 - 873

Str. 4-7-63

KOMMISSIE VAN ONDERSOEK OM ONDERSOEK IN TE STEL  
NA DIE GEBEURE IN DIE DISTRIKTE VAN VERENIGING  
(TE WETE DIE SHARPEVILLE LOKASIE EN EVATON) en  
VANDERBIJLPARK, TRANSVAAL PROVINSIE, op 21 MAART  
1960.

WOENSDAG, 27 APRIL 1960 om  
9.45 v.m.

VERTEENWOORDIGING: SOOS VOORHEEN.

TOLK: PETRUS JOHANNES FOURIE.

SIDWELL KELE, beëdig, verklaar:

VERHOOR DEUR MNR. CLAASSEN: Sidwell, jy is  
'n Bantoe Speurder-konstabel gestasioneer te Sharpeville  
Lokasie? ---Ja.

Vir hoe lank is jy al gestasioneer te Sharpeville?  
--- Sedert Oktober 1959 - laasjaar.

DIE VOORSITTER: Hoe lank is jy al in die  
Polisiediens? --- Sewe jaar.

VERHOOR HERVAT:  
/En hoe lank woon jy - jy woon in Sharpeville  
lokasie, nê? --- Ja.

Vir hoe lank? --- Vyftien jaar.

Jy weet van die mbeilikheid wat daar was op die  
21e Maart van hierdie jaar? ---Ja.

Daardie oggend, hoe laat het jy opgestaan?  
--- Ontrent half-sewe die oggend.

Waar is jy toe heen? --- Ek het opgestaan en  
gewas, en daarna is ek na die klagtekantoor ontrent 8-uur.

Om op diens te gaan? - -Ja.

Het watter straat het jy langs geloop na die

--- Polisiestasie ---

Polisiestasio? --- Seelso-straat. Dit is die groot /  
straat.

Wat het jy toe gevind was die toestand in Seelso-  
straat, daardie tyd? --- Ek het taalik Naturelle teŕgeken  
in Seelso-straat.

Wat was hulle besig om te maak? --- Hulle het  
geskree; hulle het geskree "Afrika!" onder andere,  
en ook/andere gesê, "Dit is ons land, of wêreld".

Was hulle gewapen? --- Nee.

Was hulle in klein groepies gewes, of 'n groot  
klomp? --- Daar was groot aantalle, sulke klompe, aantalle  
bynekaar. Groot aantalle bynekaar. Klompe-klompe.

En jy dra natuurlik nie univorm nie?--- Nee.  
Ek is 'n speurder.

Ken die Bantoes in die lokasie vir jou as 'n  
speurder? --- Die meeste ken my as 'n speurder.

En het jy enige moeilikheid ondervind om by  
die Polisiestasio te kom? --- Geen moeilikheid nie.

En is daar van hulle wat met jou gepraat het?  
---Niemand nie.

Het jy gewet wat gaande was? --- Ek het gewet.

Waar het jy dit gehoor? --- Ek het Sondag gehoor,  
daarvan, by die klagtekantoor. Ek het ook die nuus  
gehoor hulle sou na die Polisiestasio gaan, die volgende  
dag, sonder die nodige passe, en dat hulle graag sou wou  
gearresteer word.

Terwyl jy op weg was na die Polisiestasio, ken  
jy hoor wat gepraat onder die Bantoes, as sulke? ---Nee.  
Ek het niks anders gehoor as hierdie geruas nie, en dan  
die geskree, sees ek reeds aan die Hof vertel het.

Die skare, het hulle leiers gehad, soos wat u kon sien leiers was? --- Daar was leiers gewees.

Het jy van hulle geken? --- Ek het net een geken, op daardie stadium.

Wie was dit? --- Manuel Teketsi.

Om net daar 'n bietjie stil te staan by Manuel Teketsi, het u hom later, gedurende die gebeure daardie dag, weer gesien? --- Ek het; by die klagtekantoor.

Was hy een van die wat gearresteer was? --- Nie daardie dag nie, maar later was hy gearresteer.

Nie daardie dag nie? --- Nie die Maandag nie.

Hoe laat het jy by die Polisieostasie aangekom? --- Ontrent 8-uur, 8.5, 8.10, daar rond.

Het jy toe daar gebly die hele dag, tot na die skietery verby was? --- Ja.

Het jy nooit die Polisieterrein verlaat nie? --- Nee; gladnie.

Vertel aan die Kommissaris wat jy nou gesien het, wat gebeur het daar rondom die Polisieostasie daardie dag? --- Ontrent half neg, 9-uur daardie oggend, het daar klompe en klompe Naturelle by die Polisieostasie aangekom. Daar het talle gekom en geraas gemaak en ontrent 1-uur het kol. Pienaar daar aangekom. Ons het toe ons instruksies ontvang. Ons moes by voorbeeld toe staan, op parade gaan. Toe sien ek hallegoel met klippe, en toe was daar geskiet. Toe hardloop ek weg.

Wie het met klippe gegooi? --- Dit was die Naturelle buitekant die draad van die Polisieostasie.

Was dit net hulle wat gegooi het, of het die Polisie ook gegooi? --- Nee; net hulle het anderkant

diedrade gegooi, na die Polisie. Nee, die Polisie het nie gegooi nie.

Het die Polisie geskiet? --- Toe skiet die Polisie, en toe hardloop ek weg.

Was dit net die Polisie wat geskiet het? --- Net die Polisie.

Waar het jy heen gehardloop? --- Ek het in die Poliseikamp in gehardloop. Daar is selle, daar.

In die selle? --- Ek het na die selle gehardloop, maar ek het nie ingehardloop nie. Ek het by hulle gaan staan - die Polisie-selle.

Maar u was nou heel tyd in die Poliseikamp? --- Ja.

Het jy in die gebou gehardloop? --- In die gebou.

En wat was jou plan; om in die selle te gaan wegkruip? --- Ek het nie gedink om in die selle te gaan wegkruip nie, maar ek het net gedink ek moet iewers veiligheid soek.

Op watter stadium het jy weggehardloop? --- Toe die skietery plaasgevind het; net toe die skote afgevuur was, het ek weggehardloop.

Vir wie was jy bang? --- Ek was net bang vir die skietery, en toe hardloop ek weg.

Wat was die rede vir jou weggehardloop - verstaan ek dat jy bang was vir jou eie lewe, of wat? --- Ek was bang vir my lewe, en ek het onder andere gedink dat hierdie talle wat hier buitaktant die draad was, sou die Polisie aanval en so daar so'n aanval plaasvind, en daar is verdere skietery, omdat ek 'n speurder is

--- Nag ---

mag ek ook raakgeskiet word.

Wat was werklik jou gedagte - indien die skare die Polisie sou aanval, het daar enige vrees by jou bestaan dat die skare as sulks jou ook sou aanval, of nie? ---Ja. Ek het gedink dat die skare die Polisie aansoek myself, ook mag aanval.

Het daar ooit enige vrees by jou bestaan dat die Polisie opsetlik vir jou sou skiet? --- Nie opsetlik nie; maar ek het gedink as die skare oor die draad spring en die Polisie skiet dan op hierdie skare en ek is dan tussen die skare, mag ek ook raakgeskiet word.

As ek jou reg verstaan, dan het jy nou 'n tweeledige gevaar gesien? Een, dat jy per ongeluk deur die Polisie sou geskiet word, en die ander dat die skare jou mag aanrand wanneer hulle die Polisie aanrand? --- Ek het gedink dat hierdie skare wat hier so teen die draad geleun het, as hulle nou oor hierdie draad kom en die Polisie aanval, en omdat ek in privaat klere was, ek moontlik ook geskiet kon word deur die Polisie.

Dan moet ek jou weer die vraag stel: Was jy bevrees, of was jy nie bevrees dat die skare jou self ook sou aanrand nie? --- Ek was bevrees hulle sou my aanrand.

So, jy het van twee kante gevrees - altesaam die kante wat daar teenoor mekaar gestaan het, mag vir jou besser het. Is dit reg? --- Dit is.

Die beste plek was toe maar om van almal af pad te gee? --- Dit was die beste.

Kan jy sê waarom die Bantoes met lippe gegesel

--- het ---

het na die Polisie? --- Ek weet nie wat die rede was nie.

Was daar enige rede wat jy kon sien? --- Hulle het vir my kwaad voorgesien; hulle het "Afrika!" "Afrika!" geskree en hulle het ook gesê dat "hierdie ons land" was.

Wat ek bedoel, het die Polisie enigiets gedoen wat aanleiding kon gee tot die klipgoelery? --- Nee.

DIE VOORSITTER: Het jy ooit gesien of daar enige poging was, kort voor die skietery begin het, om een van die Bantoes in hegtenis te neem? --- Ja; daar was Naturelle in hegtenis geneem, voor die skietery.

Wie het die inhegtenisname uitgevoer? --- Spourders, Vereeniging spourders en ook van Johannesburg spourders.

3 Waar was dit; was dit by die groot hek, of was dit op 'n ander plek gewees? --- By die groot hek. Hierdie Naturelle was binnekant, op die Polisiegronde, by die hek gearresteer. Dit was die leiers.

Was dit baie kort voor die klipgoelery gewees? --- Baie kort voor die klipgoelery plaasgevind het.

Waar was jy toe gewees? --- Ek het in die jaart gestaan, naby die hek, in die jaart.

Watter hek praat jy nou van? --- Die groot hek, wat Wes wys.

Die hek in die heining, of die hek wat toegang verleen na die binneplein van die Polisieostasie? --- Dit is die hek in die heining.

Kyk 'n bietjie na Bewysstuk "A". Jy kan sien op hierdie foto sandal (aan getuie oorkandig)? --- Dit is

--- die ---



die hek aan hierdie kant van die foto.

Het ander woorde, dit is die dubbelhek, die dubbele draadhek? ---Ja.

Wanneer het jy vandaar weg beweeg? --- Toe die skietery plaasgevind het, het ek weggehardloop.

VERHOOR HERVAT: Wanneer het jy weer vorentoe gekom? --- Ek het weer uitgekom net na die skietery.

En het jy toe die dooies en gewondes gesien is daar? --- Ek het.

Het die Polisie iets gedoen om hulle te help? --- Hulle het na hulle gegaan. Hulle het hulle gehelp.

Sonder versuin, of ...? --- Dadelik; sonder versuin.

Het jy ook gaan help? --- Nee.

Wat het jy gedoen? --- Ek het net aangekyk.

Nog te groot geskrik? --- Ek het geskrik, en ek is toe weer terug, klagtekantoor-toe.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

MNR. KENTHIDGE: GEEN KRUISVERHOOR NIE.

MNR. PLEWMAN: GEEN KRUISVERHOOR NIE.

DIE VOORSITTER: In die loop van die oggend, na jy by die Sharpeville Polisieostasie aangekom het, het jy te enige tyd opgelet of die gedrag en houding van die skare Bantoes verander het? ---Hulle gedrag was nog meer ongunstig toe hulle by die Polisieostasie aangekom het, as wat hulle was toe ek hulle gesien het op pad na die Polisieostasie; hulle gedrag was slegter. Hulle was meer wild.

As jy enige indruk gekry het, dan wil ek graag

hê jy moet dit vir my vertel. Was daar enige tyd wat jy kan beskrywe as die tydperk toe hulle vir jou as die wildste voorgekom het? --- Dit was op die stadium toe hulle nader gegaan het na die draad by die Polisie-stasie en hulle hande in die lug opgehou het, en geraas en geskree het.

Wanneer was dit, min of meer? --- Dit het gebeur voordat die Naturelle in hegtenis geneem was, en voor die skietery plaasgevind het.

Hoe lank voor dit? --- Ontrent een uur voor die skietery.

Het jy te enige tyd daardie dag, terwyl jy op pad was na die Polisie-stasie en toe jy by die Polisie-stasie aanwesig was, enige dreigemente gehoor teenoor die Polisie of teenoor die Polisiegeboue? --- Op pad na die Polisie-stasie het ek geen dreigemente gehoor nie, maar terwyl ek by die Polisie-stasie gewees het, het daar Naturelle geskree, "As julle ons nie almal arrester soos wat ons hier is nie, entrent paste nie, sal ons hierdie geboue afbreek."

Wanneer het jy dit gehoor? --- Dit was op die stadium toe ek binnekant was en toe hierdie Naturelle buitekant was, naby die draad.

Watter taal is gebruik toe hierdie dreigement ...? --- Dit was in Sesuto gesê.

Watter groep behoort jy aan? --- Ek is 'n Basuto.

Het jy dit van 'n enkeling alleen gehoor, of het jy dit van meer gehoor? --- Het van een persoon.

Waar was hy gewees? --- Hy was naby hierdie groot hek gewees.

SIDWELL KELL  
Deur die Voorzitter.  
Kruisverhoor.  
Herverhoor.

As jy kan onthou, wil ek graag van jou weet. Min of meer wanneer het hy hierdie woorde gebruik? Met betrekking tot wanneer die arrestasie uitgevoer is, of wanneer kol. Piensar opgedaag het, of enige ander insident wat jy kan onthou? ---'nKert rakkie voor die Naturelle in hegtenis geneem was, was hierdie woorde gebesig.

Die persoon wat hierdie woorde gebesig het, was dit iemand gewees wat jy vantevore geken het? --- Nee. Ek het die persoon self nie gesien nie. Ek het gekyk maar toe was daar so'n geskree gewees, dat ek nie kon sien wie hierdie woorde gebesig het nie.

Volgens die stem, het dit vir jou geklink of dit 'n man is, en of dit 'n vrou is? --- Dit was 'n man se stem.

KRUISVERHOOR DEUR MNR. LOUW: Jy sê dat jy 'n Basuto is. Waar is jy gebore? --- In Basutoland is ek gebore.

Woon jou ouers nog daar? --- Hulle is nou al in die Unie.

Hoe lank is jy al in die Unie? --- Ek het hier groot geword.

Jy betaal Unie-belasting, nie Basuto belasting nie? --- Ja.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

HERVERHOOR DEUR MNR. CLAASSEN: Ek het van jou verstaan dat jy sê toe die persoon die woorde gebesig het, toe was daar so'n geskree dat jy nie kon hoor nie? --- Ja.

Wat bedoel jy daarby; bedoel jy die geskree was in antwoord op wat hy gesê het, of dit was maar sonar nog die gewone geraas? --- Dit was nog die gewone geraas.

STEPHANUS JACOBUS VAN DER LINDE, beëdig, verklaar:

VERHOOR DEUR MNR. CLAASSEN: U is 'g kaptein in die Suid-Afrikaanse Polisie, gestasioneer te Moroka?

--- Ja.

Op die 21e Maart van hierdie jaar, het jy gekom van Auckland Park af na Sharpeville Polisie-stasie? --- Ja.

Het jy gekom met pantsermotors? --- Twee pantsermotors, ja.

Dit is dieselfde as die saracens? --- Dit is so.

Twee saracens, en hoeveel manskappe? --- Elke saracen het vyf manskappe gehad.

Vertel ons eers, die vyf manskappe wat by die saracens was, is hulle nou - word hulle beskou as bemanning van die saracens? --- Ja.

En wat was die wapens waaroor hulle beskik het? --- Wel, daar was een kanonnier vir die Browning, en dan was daar twee wat met stengewere gewapen was. Dan was daar twee met rewolwers, en een ook met 'n .303 geweer.

U sê daar was twee stengewere? --- In elk, ja.

Normaalweg, kan al hierdie wapens vanuit of van bo af die saracens gebruik word? --- Ja, onder sekere omstandighede.

Kan, by voorbeeld, die Browning gebruik word om te skiet, en die twee stengewere? --- Gelyk skiet, ja.

Almal tegelyk skiet? --- Ja.

DIE VOORSITTER: Dit is terwyl die bemanning almal binne-in die saracens is? --- Dit kan gebeur.

Ek meen, die Browning wat bo-op gemonteer is, kan dit hanteer word van binne die saracens? --- Ja.

--- VERHOOR HERVAT ---

VERHOOR HERVAT: Hoe laat het u by die Sharpeville lokasie aangekom? --- Kwart-oor-elf die môre.

En wie het u daar ontmoet? ---Maj. van Zyl.

Waar het u hom ontmoet? ---By die ingang na die lokasie.

Het u Bantoes daar gesien, in die straat, toe u ingekom het? ---Ja; baie.

Hoe ver was hulle van die Administratiewe gebou af, dit is nou van die hek af? --- Wel, daar was orals - in die straat, aan die kant van die straat, voor die geboue, orals was daar Bantoes.

En net hoeveel mense was hy daar, ontrent? --- Wel, ek het maj. van Zyl daar aangetref net met een voertuig en, soos dit vir my gelyk het, die drywer. Daar was nie ander Polisie-mense toe daar nie; nie waar ons mekaar ontmoet het nie.

O, was hy alleen daar? ---Ja.

En hoe ver was die Bantoes van hom af? --- Wel, ek sou sê die naaste een was ontrent so 20 na 30 treë.

Sê vir ons wat toe gebeur het, daarna? --- Ek - vanwaar ek Maj. van Zyl ontmoet het, het ek hom geleë na die Sharpeville Polisie-stasie. Dit is ongeveer 'n afstand van ontrent 2½ myl. Terwyl ons af in die rigting beweeg het, was die vliegtuig besig om oor die Sharpeville Polisie-stasie te vlieg. Terwyl ons nader gegaan het, het ek opgemerk dat daar groot groepe Bantoes aan al kante van die straat ook in daardie rigting beweeg. Almal het na ons geskree, en dit was so'n oorverdowende geraas dat ons byna niks kon uitmaak wat gesê word nie; maar die wat nader aan ons was, kon ons uitmaak dat hulle

--- skeltaal ---

skeltaal op die Polisie gebruik, maar ons het geen notisie daarvan geneem nie. Ons het gegaan tot by die Sharpeville Polisie-stasie. Daar het ek my twee sarasens opgestel aan die Westekant, maar ek moes toe my posisie aanmeld per telefoon en toe het ek ontdek dat daar nie 'n telefoon in werking was nie. Maj. van Zyl moes toe 'n dringende rapport maak, toe is ek met maj. van Zyl met een sarasen terug na die Municipale kantore en vandaar af het ek kort-kort polisie-versterkings begelei, terug na Sharpeville Polisie-stasie, en net sodra ek hulle daar het moes ek terug kom en verdere opdragte te ontvang.

Hoeveel manne het u aangetref in die polisie-terrein toe u daar gekom het? --- Wel, toe ek die eerste maal daar aangekom het, sou ek as nie meer as onttrent so 20 na 30 wit manne nie; die nie-blankos het ek nie getel nie.

Weet u wie toe daar in bevel was? --- Nee, ek weet nie. Ek het nie lank gebly nie, maar ek was saam met maj. van Zyl daar.

U is toe weer met hom uit? --- Ja.

Weer met hom saam teruggekom? --- Ja.

En sees ek van u verstaan, weer uit; het hy weer met u saam uitgegaan? --- Ja.

Hoeveel keer het u heen-en-weer gegaan? --- Wel, ek het drie sulke ritte afgelê.

Toe u nou vir die laaste keer terugkom, hoe lant was dit toe? --- Dit was ongeveer eenuur.

Toe u nou die laaste keer daar aankom, was kol. Pienaar toe al daar? --- Nee; ek het hom juis begelei. Hy was net voor my sarasen.

--- Waar ---

Waar het u hom gekry? ---Do, by die Municipale kantore.

En kol. Spengler? --- Ook daar gekry.

Het hulle saam gekom? --- Ek is nog nie seker op hierdie stadium nie.

Kol. Prinsloo? --- Nee, kol. Prinsloo was voor kol. Pienaar daar.

Was kol. Spengler nie met hom saam nie? --- Ek neen so.

Toe u kol. Pienaar - u het hom begelei? ---Ja.

Is u nou in die saracen? --- Ek was in die saracen, ja.

En hy kom met 'n kar agteraan, of wat? ---Nee. Hy het net voor my gery. In werklikheid het ek hom gedek.

En hy is met 'n kar? ---Ja.

'n Gewone, sedan-kar? ---Ja.

Hoe was sy toegang na die Polisiestasie ...? --- Ek wil graag aan u verduidelik. By daardie stadium het die Bantoes bankvas gestaan vir omtrent 'n distansie van ongeveer 'n driekwartmyl voor jy by die Polisiestasie kom; soveel so dat toe hy van die hoofpad afdraai, kon hulle nie met die straat gaan nie - hulle moes afdraai van die hoofpad af, vanweë die versperring deur die mense. Ek het toe vinnig nader gekom, maar namate hulle vorentoe gegaan het, het die Bantoes nader op hulle gekom en toe hulle ongeveer 100 treë van die Polisiestasie se hek af is, het die Bantoes sy kar gepad. Party wou hom optel, party wou hom terugdruk, en ek het toe vinnig op hulle afgeklim met die saracen.

--- Toe ---

Toe gespad hulle 'n bietjie, met die gevolg hy kon vorentoe gaan en ek het hom tot by die hek, kan ek sê, ge-eskort en toe hy by die hek ingaan het ek hom laat verder gaan. Op daardie stadium was die posisie baie kritiek, daar. Die Bantoes was woedend, hulle het geraas en geskree, hulle het almal vorentoe saamgedrom.

**DIE VOORSITTER:** Hoe laat was dit, min of meer?  
--- Dit was ongeveer 1-uur. Dit kom so'n paar minute, tien minute voor een of tien minute na een, gewees het. Ek het nie op daardie oomblik na my horlosie gekyk nie. Maar, ek het nie daar gebly nie. Ek is vandaar weer terug na die Municipale kantore-toe, en dit was net nadat ons stilgehou het - ons het omtrent so'n vyf minute stilgehou, toe ons die skietery hoor.

**VERHOOR HERVAT:** Waar was u toe die skietery plaasvind? ---So, by die Municipale kantore.

By Maj. van Zyl? --- Ek en hy was bynekaar.

Was julle buitekant? ---Buitekant, voor die ...

Was jy ook buitekant? --- Ek was op my saraces.

Toe hoor u die skietery? --- Ja; toe kyk ek op my horlosie; toe was dit net mooi half-twee.

Kan u vir ons sê hoe lank die skietery omtrent aangehou het? --- Dit was net, sal ek sê, 'n sarsie - ek sou sê nie meer as omtrent 20 na 30 sekondes op die uiterste nie. Ons het dit net gehoor, toe is dit verby.

Wel, ek verstaan nou van u, u het so kwartoor-elf in die lokasie aangekom, het u? ---Ja, dit is reg.

En u het heen-en-weer gery van die Administratiewe geboue na die Polisiestasie, toe het u teruggegaan en so aan? ---Ja, dit is reg.

--- En ---



En u het self kon sien wat die stemming is, en die gedrag van die Bantoes? ---Ja.

Uit daardie waarnemings, wat het u verwag sou gebeur? --- Wel, dit was vir my duidelik dat daar moeilikheid gaan gebeur, en veral die laaste keer dat ek daar was, met kol. Pienaar. Toe kon ek sien die skare was op daardie stadium so opgewonde en so histories, dat net skiet hulle kon terugkeer. Ek wil net graag daarby sê, hulle wou vir niks padgee nie en die skare het maar gedurigdeur nader en nader gekom aan die Polisiestasie, tot by die hek. Ek het toe nie weer ingegaan, elke slag nie. Ek het verby gegaan, want ek wou my saracoen veilig hou en ook my manskappe wat in die saracoen is.

Was daar enigiets wat vir u 'n aanduiding was waarom die mense so geras het en so histories was? --- Wel, ek kon nie sê nie. Al wat ek dit aan kon toeskryf was, hulle was opgesweep en dat hulle so 'n emosionele toestand toe was dat hulle hulself nie kon beheer nie.

Het jy enigiets gesien wat die Polisie gedoen het wat daartoe kon bydra om hulle in daardie toestand te kry? ---Nee. Die laaste keer, veral, toe ek in is, het ek opgemerk dat die Polisie voor die ingang by die Polisiestasie staan, doodstil, kalm en bedaard. Hulle het niks gedoen nie. Niemand het met hulle gepraat, wat ek gehoor het, of tussen hulle beweeg nie.

Het u van die Bantoes binnekant die draag ook gesien? ---Nee.

Het u vir een of ander rede noukeurig opgelet, toe u nou binnekant was, wat die toestand daar was? --- Wel, soos ek sê, ek was net toe ek daar gekom het, vir 'n paar minute binne, en toe was die toestand baie

sleg, al. Daar was duisende, na my skatting, Bantoes om die Polisiestasie. Dit was feitlik driekwart omsingel.

Hoeveel Bantoes het u geskat? --- Wat ek sou skat, toe ek daar gekom het, was ongeveer 10,000 na 12,000.

Wat het u geskat toe u die laaste keer vir kol. Pienaar ....? --- Goed tweemaal soveel, want toe was die Polisiestasie heeltemal omsingel.

Het u enige wapens gesien by die Bantoes? --- Nee; ek het nie.

Toe u deur die skare gery het, het u geen wapens by hulle gesien nie? --- Nee; ek kon net die wat naby was, sien. Maar soos ek u sê, ek moes my oog op die saracen hou, vir sy veiligheid, met die gevolg, ek kon nie die skare meer deeglik deurkyk nie. Maar die wat naby die saracen was, het ek geen wapens aan gesien nie.

Kaptein, ek weet nie veel van die ding af nie. Waar sit u, in die saracen? --- Wel, ek het die dag bo-op die toring gesit, reg bo-op hom, op die dak.

Daar is net plek vir een man om sy kop bo uit te steek? --- Ja. Daar waar ek was, kan net een man deurkom op 'n slag, maar agter my is daar ook 'n plek; maar daar was niemand buitekant nie. Die manne was almal binnekant. Ek was alleen bo-op die saracen.

En toe u deur die skare gegaan het, het u bo gebly? --- Ja; ek het bo bly sit.

Kon jy die skare dus heeltemal goed sien? --- Goed sien.

En jy sê jy het geen wapens gesien nie? ---Nee, nie sover ek kon sien - het ek niks gesien nie. Maar soos ek u sê, ek kon nie my aandag 100% daar wei nie omdat ek begaan was oor die veiligheid van my saracen. Maar soos ek u sê, die wat in die onmiddellike nabyheid van my was, ek het geen wapens aan hulle gesien nie.

Wanneer u praat van die veiligheid van u saracen, wat kan daar werklik met hom verkeerd gaan? --- Wel, u sien, daar is verskillende skuiergate, sal ek dit maar noem, waardeur lug ingelaat word of waardeur ons kan skiet, en 'n mens kan dit nie altyd toekom nie vanweë die feit dat die mense vers lug binne moet kry. Indien persone nader kom, kan dit meentlik wees dat bomme, petrol-bomme, brandbomme of iets van die aard binne gegooi word of hulle kan selfs binne-in daardie gate afvuur; as dit gebeur, dat daar in die saracen in geskiet word, kan daar verskriklik skade aangerig word want die hele ding is staal en daardie patroon, soos u kan verstaan, sal binnekant rondmaal en verskriklike skade veroorsaak.

As daarin geskiet word, kan dit 'n ontploffing van die ammunisie self beteken? ---O, ja. En dan die baie petrol en hoog ontvlambare olie wat gebruik word in die saracen.

Het u na die skietery opgehou het, gegaan na die Polisie-stasie? --- Ja; ontrant veertig minute daarna het ek daar aangekom - na die skietery, want ek het toe ander opdragte gehad. Ek het nie onmiddellik na die skietery af gegaan nie.

Wat was die toestand daar toe? --- Wel, toe ek nou daar terugkom, was daar geen mense nie. Hier en daar het 'n paar Bantoes gestaan, en daar was 'n paar lyke, nog.

wat hulle besig was om op te ruim.

Die besoerdes, was die toe ...? --- Almal verwyder. U sien, net onmiddellik na die skietery het hulle met my in aanraking gekom en my opdrag gegee om ambulansse te bestel, wat ek onmiddellik gedoen het. Die besoerdes was toe almal verwyder toe ek daar kom.

Was u behulpsaam met die bestel van die ambulansse?  
--- Ek het die ambulansse bestel.

Waar het u die berig vandam gekry dat u dit moes doen? ---Hulle het my oor die lug geroep. Ek het radio-verbinding gehad met die ander sarasens wat by die Sharpeville Polisieostasie was.

GEEN VERDERE VRAE NIE.

CROSS-EXAMINED BY MR. KENTIDGE: Capt. v.d. Linde, you mentioned the possible danger to the sarasens from a petrol bomb? ---Ja.

But, of course, it is clear that you did not see any petrol bombs? ---I didn't.

There were certain weapons handed in which were found, including two umbrellas, a bicycle pump, but no petrol bombs? --- Nee, ek weet nie wat hulle ingehandig het nie.

Were you in charge of the sarasens detachment that day? ---Nee.

Was Capt. Brunner your superior? ---Ja.

What was the number or identifying mark of your vehicle, the vehicle which you were in? --- Ek weet nie wat bedoel u nou nie - of u meen die radio wat ek in gehad het ...

Did you have a numberplate, or something like

that? ---Ja, ek het 'n nummerplaat gehad.

What was your number? --- Wel, ek onthou nou net die laaste twee - 03; en my oproepteken van my radio was 22.

DIE VOORSITTER: En is die ander die gewone registrasienommer, wat gewone voertuie ook dra? --- Ek dink dit is 'n Departement van Verdediging Registrasienommer.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: Captain, you are in the South African Police? ---Ja.

Are these saracens your Police vehicles, or were they just taken, lent to you by the Defence Department? ---Nee; sover ek kan verstaan, op die sterkte van die Polisie op Auckland Park.

And are you regularly in charge of saracens? ---Nee. Ek is opgelei omset hulle te werk.

You have had training on the use of saracens? ---Ja.

Can you tell us, as far as the Police are concerned, leaving aside the military part of it, for what purposes do the Police use saracens? --- Wel, die saracen is uitsluitlik 'n voertuig wat gebruik word vir die veilige vervoer van manskappe.

DIE VOORSITTER: Jy meen, is in die verlede slegs daarvoor gebruik, of is daarvoor bedoel? ---Nee, dit is sy doel; die veilige vervoer van troepe, sou ek sê - Polisie, of troepe, soos u dit wil noem.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: In your training with saracens, did you have any training in the use of saracens to control crowds? ---Nee.

---Or ---

Or to disperse crowds? --- Nie met saracens nie.

The saracens carries one fixed Browning machine gun? --- Ja; hy kan een dra. Dit is nie 'n "fixture" nie. Dit kan afgehaal word, ook. Dit is nie daar permanent nie.

DIE VOORSITTE: Kan dit 360° swaai, of is sy swaai-beweging beperk? --- Sy swaai-beweging is beperk.

Tot wat? --- Wel, ek sou sê ongeveer - wel, u sien, die groot saak is, u werk nou met die hele liggaam. U sit op 'n stoel en u beheer met die liggaam. Dit hang af, dan, hoe jou beweging kan gaan. Ek sou sê - u moet weet, dit is 'n baie klein posisie daar, en dit is nie maklik om daar te beweeg nie; gevolglik sou ek sê dit kan - net sover as wat jy voor jou sien, soos 'n mens nou kan staan en kyk, sover as jy sien kan jy dek.

Maar wat ek nie mooi verstaan nie; u kan na willekeur links of regs, of voor of agter skiet? --- Ek sou sê van voor, links of regs; nie agter nie.

Kan u dit nie laat omswaai en na agter skiet nie? --- Ja; as dit staan kan u dit miskien uithaal, losmaak en dan ...

As dit in beweging is, en u moet dit gebruik, dan kan u ...? --- Kan u maar net vorentoe skiet.

Vorentoe, en na links en regs? --- Ja; na die kante.

Kan u ook vir my sê, wat is die vuurkrag van daardie Browning? --- Wel, dit skiet van 450 na 500 patrone per minuut teen 'n spoed van 1,200 per minuut. Dit het 'n geweldige krag.

Wat is die kaliber? --- .38, dink ek. Ek is nie 100% seker daarvan nie.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: Is it not .05? ---  
Nee; dit is nie so groot nie.

DIE VOORSITTER: En die atengewere, kan u dit  
ook van binne die saracen gebruik? ---Ja.

Net ander woorde, mag ek dit so stel, dat die  
bemanning as 'n geheel, kan terselfdertyd, vanuit die  
saracen, hulle wapens gebruik? ---Ja.

Afgesien, moontlik, van die bestuurder wat  
besig is om te bestuur? ---Ja. Maar ek wil graag daar  
duidelik stel, soos u sal verstaan, as die saracen in  
beweging is, sal dit besonder moeilik wees om dit te  
doen. Daardie - indien dit plaasvind, sal die  
saracen moet staan.

Waarom? --- Die gevaar is, die hantering van  
die wapens sal bemoeilik word deur die beweging van  
die saracen self. Dit mag miskien moeilikheid binne-  
kant veroorsaak. In elk geval, ons opdrag is om nie  
net hom te skiet as hy beweeg nie.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: Are there any  
special orders about the circumstances under which you  
are entitled to use the Browning machine gun? ---Ons  
opdrag is alleenlik om dit te gebruik in noodgevalle,  
wanneer alle ander wapens misluk het.

The vehicle has also got an attachment for  
shooting off smoke bombs? ---Ja.

And I take it it could be used for shooting off  
tear gas bombs? --- Ek weet nie. Ek glo nie.

DIE VOORSITTER: Is die traangasbom deel van u  
uitrusting op 'n saracen? ---Nee, nie noodwendig nie.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: Did you have,  
that day, the 21st March, tear gas bombs? ---Later the

day, yes.

Before 1 o'clock? ---Nee.

Apart from the possibility of people putting something in, through the gun holes, the saracens, I take it, is impregnable to ordinary, small arms firing? --- So we are told. Ek sou nie graag 'n idee daaroor wou gee nie.

When the saracens went in with Col. Pienaar ...? --- Daar was net een saracens, toe; net die een waarop ek was. Daar was nie ander saracens nie.

That went in with Col. Pienaar? ---Ja.

There were other saracens already at the Police station? --- Dit is reg, ja.

Who placed those; was it you, or Capt. Brunner? --- Wel, daar was een van my saracens wat ek daar opgestel het. Dan was kapt. Brunner daar met sy drie saracens.

Where did you place yours? --- Aan die Westekant, aan die linkerkant van die Westekant, sou ek sê.

DIE VOORSITTER: Kyk, ek is nie heeltemal duidelik in verband met die gebruik van die woord "opgestel" nie. Wat ek graag wil weet, was die saracens bloot geparkeer, of was hulle opgestel met die oog op sekere strategiese voordele? --- Opgestel met sekere strategiese voordele.

Met ander woorde, dat dit indien nodig, gebruik moes word? --- Gebruik moes word.

In verband met verdediging van die Polisie-stasie? ---Ja; dit was die idee wat ek gehad het.

Ek sou net seker maak of hulle bloot net geparkeer was? ---Nee; ek het myne nie bloot net geparkeer nie.



CROSS-EXAMINATION CONTINUED: Did you put it facing the corner? --- Watter hoek, nou?

The corner, on the South-West side? --- Ja.

And did the crew remain in the saracens? ---  
Dit is waar ek hulle laaste gehad het. Ek het hulle nie  
weer daarna gesien nie.

Were they ordered to remain in the saracens? ---

Ja.

And the machine gunners had <sup>to stay at</sup> their machine guns?

---Ja.

You left the Police there apparently shortly after 1 o'clock? --- Dit is reg.

When you left, the four saracens were drawn up. I take it Capt. Brummer should be able to tell us how they were drawn up exactly? --- Ja. Hy sal seker kan sê.

When you left, did you see any Policemen standing on top of the saracens? ---Nee, ek het toe nie na hulle gekyk nie.

You met Col. Pienaar at the gate of the location? ---By die Municipale kantore.

Did you have a talk with him before you took him in? --- Nee.

What did he ask you to do? ---Nee, hy het niks met my gepraat nie.

Who asked you to escort him in? --- Dit was die opdrag van maj. van Zyl.

And then you took him in; there was Col. Pienaar in the car, and you and the saracen behind. Were there other vehicles, also? ---Ja; daar was 'n klein pie perwonne met hulle kar, net agter die saracen.

DIE VOORSITTER: Wanneer was dit? --- Toe ek kol. Pienaar ingesien het, van die Munisipale kantore na die Polisiestasie.

Jy sê daar was 'n motorkar met peremanne? --- Ja; daar was twee of drie karre agter die saracen, wat aangekom het.

U sê peremanne. Ek wil net weet, het u gewet dit is peremanne, of het u maar vermoed dit was peremanne? --- By die Munisipale kantore het ek van hulle gehoor praat, en van hulle gesprek agtergekom dat hulle peremanne is.

Was dit voor hulle ingegaan het? --- Voor hulle ingegaan het.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: Did anything happen to their motor cars? --- Nie wat ek gesien het nie.

Did they come out with you? --- Net.

How far did they follow you? --- Onmiddellik agter die saracen.

And how far did they come with you - right up to the Police Station? --- Ja.

When you drove up to the Police Station, did you find Capt. Coetzee with his detachment of men at the South-East corner of the Police Station? --- Ek is driemaal by hulle verby.

Did they have a saracen with them? --- No.

You said, I think, that it was clear to you that trouble was coming and the crowd was so hysterical that they could only be driven back by shooting? --- Dit was die indruk wat ek gekry het, daar.

That was at 1 o'clock, or earlier? --- Dit was 1-uur;

die laaste maal dat ek in gewees het saam met kol.  
Pienaar.

That was not your impression earlier in the day?  
--- Vroeër in die dag, neem ek eê, was daar ongeveer  
10,000 na 12,000 Natsurelle. Toe was die houding,  
alhoewel dreigend, nie so erg as wat dit was toe ek  
daar  
die laaste keer/was met kol.Pienaar nie.

You mean, you think that crowd could have been  
dispersed without shooting? --- Ek sal dit nie kan eê nie.

But when you said, here, that the crowd seemed  
to be so hysterical that shooting would be necessary  
to drive them back, you were referring to your feelings  
at 1 o'clock? --- Dit is reg.

DIE VOORSITTER: Hoekom is dit nodig om op die  
skare te skiet net om hulle weg te dryf? --- Wel, u sien,  
die posisie was daar so, dit was duidelik vir my dat  
hulle op die punt gestaan het om die Polisiestansie aan  
te val, en dat niks anders hulle kon keer nie. Het  
hulle deur die draad daar gebreek en vorentoe beweeg,  
sou die Polisie magtelos wees om hulle wapens te gebruik.

Wat van die sarasens? --- Dit kan niks doen, dan  
nie. As hulle om hom is, kan hy niks doen nie.

Hoe bedoel u, as hulle om hom is? --- Wel, die  
sarasens het gestaan en as hulle dan inkom, dat hulle  
die hele plek oorstroom, dan sou dit meer gevaarlik  
wees vir die Polisie om die sarasens se wapens te gebruik  
as wat dit sou wees teen die Bantoes, want jy sal jou  
wapens dan nie kan gebruik nie. U sien, daar moet daren  
'n distansie wees vir die sarasens om te vuur.

Ja, wel, die Browning wat ho-op nanteer is, kan  
u my enige inligting gee; vir watter afstand is hy bedoel?

--- Wel, hy is bedoel vir 'n afstand van 100 treë en verder, tot by 1,200 treë.

Maar die ander wapens wat in die saracens is en wat deur die luik geskiet word, wat is die posisie daar? --- Ek sou sê, met kanser, sou hulle ontrent 15 na 20 treë - nie minder nie; dit is my opinie - dit kan gebruik.

<sup>dit</sup>  
Is/die stengeweer en ...? --- En die .303 en die rewelwer.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: Fifteen yards?  
--- Vir 15 na 20treë; ek sou nie sê nader dan 15 treë nie.

So consequently, does that mean that when you placed your saracens, you placed it about 15 to 20 yards from the fence? --- Ja, ontrent so 20 na 30 treë.

Of course, the ordinary members of the crowd would not know that you only use a Browning at 100 yards?  
--- Ek weet nie wat die groep daar gedink het nie. Ek sou nie kan sê nie.

You don't mean to suggest that that crowd there, unarmed, would have attacked four saracens and 150 armed Policemen? --- Wel, ek weet nie of hulle onbewapen was nie. Ek kan nie sê nie.

DIE VOORSITTER: Nee, maar vermoed nou dat hulle onbewapen was? --- As ek vermoed dat hulle onbewapen was....

Ja, maar selfs met kleries gewapen, of selfs byle? --- Hulle sou die Polisie aanval, daar. In die gemoedstoestand wat daardie Bantoes daar was, sou niks hulle keer nie.

---CROSS-EXAMINATION CONTINUED ---

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: However, you felt that in their mood they would attack the Police? --- Dit is die indruk wat ek gekry het.

In spite of the fact that the Police were armed, and had four saracens? ---Ja.

When did you think they were going to attack? --- Wel, toe ek vir kol. Pienaar daar gebring het, dat hy deur die hek gaan, het ek teruggegaan. Toe het ek gevul die toestand begin hand uitruk, en enige minuut, nou, kan daar 'n aanval op die Polisieostasie gelede word.

And during all your trips you saw no attempts to disperse the crowd? --- No. Ek dink dit sou nutteloos wees, vir hierdie rede: Die Bantoes was so opgesweep, so emosioneel, in so'n emosionele toestand, hulle het geskree en te kere gegaan en jy kon jouself nie hoorbaar maak nie. Dit sou nutteloos wees en net hulle te probeer redeneer want jy kan hulle nie hoor nie vanweë die gedruis wat hulle gemaak het.

So you felt quite certain that this crowd would have to be shot at, to make them disperse? --- Dit was die indruk wat ek gekry het.

Did you think it was Col. Pienaar's view? Do you know whether it was Col. Pienaar's view? --- Ek kan nie vir hom antwoord nie.

So your impression, then, was that the Police reinforcements would have to shoot at that crowd? --- Dit was die indruk wat ek gekry het. As hulle dit nie gedoen het nie, as die Polisie nie geskiet het nie, sou hulle daar vermoer gewees het.

--- This ---

This view you took, do you think other Police officers would have taken the same view? --- Wel, ek kan maar net sê wat ek dink.

Did it seem very obvious to you? --- Dit was baie duidelik vir my dat dit die enigste uitweg sou wees.

Does it follow, then, that the Police went in to Sharpeville Police Station in order to have sufficient men to shoot at the crowd, to make them disperse? --- Nee; ek sal dit nie sê nie.

Why not? --- Omdat ek dit nie kan sê nie. Ek weet nie wat hulle opdragte was nie. Ek was nie in bevel daar nie.

DIE VOORSITTER: Ek moet dit aan u pertinent stel: Indien dit seker was dat daardie skare nie die Polisieterrein sou binneval nie ...? --- Dan sou daar niks gebeur het nie.

Nee, luister net 'n oomblikkie; maar ook sou wêreld om uiteen te gaan, met ander woorde, weg te gaan, wat sê u daarentrent? --- Ek kan net sê wat ek sou gedoen het. Ek sou probeer het om met hulle te redeneer; as dit nie help nie, sou ek 'n knuppelsternloop gelas het.

Teen 15,000 mense? --- Wel, tenminste die wat naaste aan die Polisiestasie was.

Nee, maar ek wil graag 'n antwoord hê; is dit hoegenaamd geregverdig om te skiet bloot om mense te laat uiteen gaan? --- Wel, ek weet nie wat 'n mens kan doen in so 'n geval nie.

As jy dit nou beskou, afgesonder van enige kwessie van 'n aanval op die Polisie of 'n aanval op die Poliestasie? --- Dit is baie moeilik vir my om daardie vraag te antwoord, want hoe sou ons gewest het dat hulle nie

gaan aanval nie. Die ander tekens was duidelik, dat hulle dreigend op die Polisieostasie afstom. Ek weet nie wat ek sou maak as ek in daardie posisie is nie. Ek kan alleenlik daardie vraag beantwoord, as ek die sekerheid daar gehad het dat hulle nie die Polisieostasie gaan aanval nie, dat hulle nie bewapen was nie, dan sou ek my deel en houding - dan moes besluit het. Ek kan nie nou sê wat ek dan sou gadoen het nie.

Gestel nou dit is die posisie dat hulle het nie eintlik wapens nie, behalwe vir kleries, mistien, en so aan, en dat hulle daar om die Polisieostasie staan en skree, maar u weet - gestel u het die kennis dat hulle nie van plan is om daardie terrein binne te kom nie? --- Wel, dit is baie moeilik om daardie vraag te beantwoord, want ek sal in so'n posisie moet wees voordat ek kan sê wat ek sou doen.

Ek stel u nou in die hipotetiese posisie? --- Dan kan ek u alleenlik die hipotetiese antwoord gee, en dit is dat, ek mag georder het dat daar geskiet word; ek mag probeer reël het om met hulle te redeneer; ek mag hulle maar laat staan het dat hulle maar daar bly totdat hulle self loop, moeg word en wegloop. Dit is baie moeilik om op hierdie stadium te sê.

CROSS-EXAMINATION CONTINUED: That is a possibility - if the crowd had been there since early in the morning and this was 1 o'clock, they might have started to get tired and hungry and might just have gone home? --- Ek weet nie. Daar was geen teken dat hulle moeg was, of honger was toe ek daar was nie; en veral die laaste keer dat ek by die Polisieostasie was, was hulle houding sulks dat hulle aan my die indruk ggee het dat hulle nou enige minuut die Polisieostasie sal stormloop en

--- die ---

die Polisie daar probeer dreig of van kant maak.

That is the impression you say you had; that is the view you have expressed. Would you tell us what it was that made you think that this crowd was going to attack the Police very soon? --- Die algemene gedragshouding van die Bantoe daar.

Let's analyse it. You have told us that they were very noisy? --- Oek dat hulle al nader gegaan het aan die Polisieostasie, dat hulle 'n dreigende houding aangeneem het.

What do you mean by "a threatening attitude"? --- Dreigend deurdat hulle verontoe beweeg het ten spyte van die feit dat hulle die Polisie daar sien met die saracens, dat die "aeroplanes" oor hulle gekom het, dat hulle geen notisie vat daarvan nie, en dat hulle weet, hulle het taminste besef dat die Polisie sal voor op hulle as hulle nader kom, en dat hulle ten spyte van dit nog nader gekom het, hulle hande in die lug, gewaal het, geskree het en te kere gegaan het. Dit was vir my genoeg aanduiding dat niks hulle nou gaan stuit nie.

Do you mean they were very noisy and they were threatening because they did not get out of the way of your saracens, they took no notice of the aeroplanes? --- En geen notisie van die saracens of van die Polisie nie.

